

Source: FINANSIES EN TEGNIEK

Date: 02-Mar-2001

Topic: 08

Ref No: 4127



1

ID: 02657745-01 Source Page: 23

EKONOMIE

Begroting bied geleenthede

DAAR is min ooglopende rede vir die sakesektor of vir mense in die hoëmiddelinkomste- tot hoë-inkomstegroepe om vreugdevure aan te steek oor die minister van finansies, Trevor Manuel, se begroting vir 2001-'02.

Die begroting bevat meer hindernisse as aansporings vir rykdomskepping vir sowel maatskappye as individue met 'n hoë inkomste.

Die kernfaktore sluit die volgende in:

Deur Howard Preece

◆ 'n Beskeie, maar reële styging in die effektiewe vlak van persoonlike belasting vir senior lede van die bestuurs-, professionele en uitvoerende groepe word voorgestel.

◆ Hierby kom nog R6,3 miljard wat die regering in 2001-'02 uit die belasting op aftreefondse wil ontvang. Daar word eintlik op spaargeld beslag gelê en besparing word ontmoedig.

◆ Kapitaalwinstbelasting (KWB) gaan beslis ingevoer word, hoewel dit met ses maande uitgestel word.

◆ Daar is geen toegewings vir maatskappye oor die algemeen nie, maar die heffing vir vaardighede, in die vorm van 'n belasting op die betaalstaat, sal na verwagting vanjaar R2,8 miljard van die korporatiewe sektor invorder. Die koers word verhoog tot 1%, dubbel die 0,5% wat dit was in die eerste jaar waarin dit van krag was.

◆ Eiendomsbelasting sal volgens die begroting in 2001-'02 'n inkomste van bykans R4,8 miljard oplewer. Dit is dubbel die vlak van 1996-'97 en kan hoofsaaklik aan 'n skerp styging in oordragkoste onder die ANC-regering toegeskryf word.

◆ Manuel het geen verdere toegewings ten opsigte van valutabeheer vir individue aangekondig nie. As mens in ag neem dat die geweegde gemiddelde depressie van die rand in 2000 bykans 12% was, dan het die reële waarde van die toegelate R750 000 eintlik met dieselfde persentasie gedaal, omdat die bedrag onveranderd gelaat word. Dit toon dat, soos F&T al dikwels gemeld het, dit die beste is om soveel geld as moontlik so gou as moontlik die land uit te kry. Verdragings hou risiko's in.

◆ Manuel en Pravin Gordhan, hoof van die SA Inkomstediens (SAID), het al baie te sê gehad oor belastingontduiking en die streng stappe wat gedoen word om oortreders vas te trek en aan die pen te laat ry.

Dit is goed en wel, maar die sakesektor sal ook opmerk dat Manuel niks gesê het oor die miljarde rande wat nog aan talle munisipaliteite geskuld word weens 'n kultuur van wanbetaling nie, wat ook al die sosiaal-politieke oorsprong van die boikotte.

◆ Onthou ook dat daar in die begrotingsoorsig vir 1999 toegegee is dat SA 'n baie swaarder belastinglas – gemeet aan die verhouding tussen belastingen bruto binnelandse produk – as die meeste ander middelinkomste- of opkomendemarklande het. SA het toe veral swak vergelyk met Brasilië, Maleisië, Chili en Indonesië as spesifieke voorbeelde.

Dit is steeds die geval

Tog dui die 2001-'02-begroting weer eens op die ekonomiese vordering wat die ANC die afgelope dekade gemaak het. Fiskale

en monetêre dissipline, privatisering, een van die mees onafhanklike sentrale banke ter wêreld, verkleining van die openbare sektor, skerp verlaagde invoertariewe, 'n baie oper ekonomiese scenario. En dit terwyl die sogenaamde "inspirasie" net 'n paar jaar gelede veel eerder uit die nou gestorwe kollektivistiese regimes van Oos-Europa gekom het.

Die volgende is ook belangrik:

◆ Die SA ekonomie vorder werklik, hoewel dit aansienlik stadiger is as wat ons kan en behoort te vorder.

As Manuel die gemiddelde jaarlikse groei van 3%-3,5% kan kry wat hy wil hê – of liever, as die private sektor kan – kan die land baie bly wees. Selfs diegene wat nie by herverdeling baat nie, sal dan op langer termyn wenners wees.

◆ Teen dié agtergrond het sowel maatskappye oor die algemeen as duisende individue al klaar baie geld gemaak. Hulle is in wese ook in staat om hul opbrengs ná belasting te handhaaf.

Die groot vraag is nou – hoe lyk die vooruitsigte vir sulke suksesse vir die komende jaar en daarna?

◆ **Aandeelpryse:** Dié pryse het vanjaar goed gestyg – die indeks vir alle aandele is nagenoeg 5% hoër.

Maar wees versigtig. Die ekonomie sal moet wys dat hy taamlik goeie groei kan oplewer (minstens 3% gemiddeld per jaar) ten einde groot netto beleggings vanuit die buiteland te lok. Twyfel oor Amerika duur voort, en so ook oor internasionale beurse.

Dit is ook moontlik dat grootskaalse verkope kan plaasvind voordat KWB in werking tree.

◆ **Effektekoerse:** Die fiskale dissipline wat Manuel nog deurgaans in die SA begrotingsproses ingevoer het, word vanjaar versterk met die hoop dat sowat R18 miljard uit privatisering verkry sal word (hoofsaaklik Sasria, M-Cell en Telkom is ter sprake).

Dit beteken dat die staat se leenbehoefte minimaal is, en hoewel langtermyn- prima koerse reeds aansienlik gedaal het, kan hulle in die loop van die jaar met nog 'n persentasiepunt daal.

◆ **Wisselkoers:** Die rand is erg oorverkoop wat reële vergelykende koopkrag teenoor die groot geldeenhede betref. As pres. Thabo Mbeki op politieke vlak betervaar, sal dit baie help. Dit sal ook waarskynlik gebeur – nie dat dit moeilik is om op sy vertoning tot dusver te verbeter nie. En as SA plaaslike en ook buitelandse beleg-

gers kan oortuig dat die land sakevriendeliker is as wat die knorrige kommentaar van veels te veel ANC-leiers en -ampsdraers te dikwels impliseer, kan daar geld gemaak word uit 'n positiewe houding teenoor die rand.

Maar hou altyd jou opsies oop.

◆ **Infrastruktuur:** Dit geniet voorrang by die regering, soos blyk uit 'n spesiale bykomende toewysing van R8,7 miljard oor die volgende drie jaar vir landelike ontwikkeling, die herstel van vloedskade en die bou van skole, paaie en water- en sanitasieprojekte.

Maatskappye wat by dié geleenthede kan baat, moet dit aangryp.

Maar swart bemagtiging kan deurslaggewend wees. □